

Ongehoorsaamheidsgevolge

Waarom? Dit is 'n woord wat ons so maklik gebruik ...

- Waarom is my lewe so swaar?
- Waarom al die ellende en teleurstellings?
- Waarom is hierdie wêreld so vol tranes?

In Rigters wys die Here ons die verskriklike gevolge van die sonde. Waarom? Omdat die volk ongehoorsaam was! In sy genade het God beloof dat Hy met hulle sal wees en hulle sal help om die heidense volke te verslaan (vgl. Deut. 7:1, 2). So kon hulle die hele Beloofde Land in besit neem.

Hulle verdryf egter nie al die heidene uit die gebied nie. In sewe verse lees ons hulle het die vyande “nie verslaan nie”, direk teen die bevel van God in. Hulle vertrou nie geheel en al op God alleen nie, maar soek by ander hulp. Hierdie volke het telkens hulle ondergang bewerkstellig, sodat God moes ingryp.

Die gevolg van die volk se ongehoorsaamheid was dat hulle later kompromieë met die heidene aangegaan het. Die aanwesigheid van die heidene met hulle eie godsdienste en gewoontes het die volk se geloofslawe verswak. So probeer die duiwel keer dat die Ver-losser in die Beloofde Land gebore word. Deur hulle sonde bring die volk beproewende omstandighede oor hulle.

As gelowiges nie kan kies tussen die Here en ander dinge nie, kom daar afval. Afval bring baie “waaroms” in jou lewe. Elke keer was die oproep aan die volk ... en ons ... “Keer terug na jou God”.

- Bely jou afval en ongehoorsaamheid.
- Plaas die Here eerste in jou lewe.
- Leef in alles met Hom.

Want vir ons, ongehoorsames, was daar 'n kruis in die Beloofde Land, 'n leë graf en berg van hemelvaart, en 'n Voorspraak by die hemelse Vader.

Waarom? Omdat God ons rig deur Jesus Christus om sy kinders te wees. Kan jou lewe dan iets anders as gehoorsame dankbaarheid wees?

Sing: Skrifberyming 9-1:11

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)